UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

EXTRAORDINARY BUITENGEWONE
Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CXCVI.] PRICE 6d. PRETORIA, 19 JUNE / 19 JUNIE 1959. PRYS 6d. [No. 6240.

GOVERNMENT NOTICE.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. 941.] [19 June 1959.

PRICES OF EGGS.

In terms of sub-section (1) of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister of Agricultural Economics and Marketing, do hereby make known that the Egg Control Board, referred to in section 3 of the Egg Control Scheme, published by Proclamation No. 8 of 1953, as amended, has, in terms of section 19 of that scheme and with my approval, imposed the prohibitions mentioned in the Schedule hereto in connection with the sale of eggs in controlled areas, with effect from 22nd June, 1959.

Government Notice No. 559 of 17th April, 1959, as amended, is hereby repealed as from 22nd June, 1959.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

SCHEDULE.

PRICES IN CONTROLLED AREAS.

1. No person dealing with eggs in the course of trade shall sell in the following controlled areas, viz., the Durban area, Pietermaritzburg area, Port Elizabeth area, East London area and Grahamstown area, eggs to another person dealing with eggs in the course of trade in those areas, at prices in excess of the prices specified in column 1 of the table hereto.

2. No person dealing with eggs in the course of trade shall sell, in the following controlled area, viz., the Witwatersrand area, Pretoria area and the Cape Peninsula area, eggs to another person dealing with eggs in the course of trade in those areas, at prices in excess of the prices specified in column 3 of the table hereto.

3. No person dealing with eggs in the course of trade shall sell, in controlled areas other than those areas mentioned in clauses 1 and 2 above, eggs to another person dealing with eggs in the course of trade in such areas, at prices in excess of the prices specified in column (5) of the table hereto.

4. No person shall, in the following controlled areas, viz. the Durban area, Pietermaritzburg area, Port Elizabeth area, East London area and the Grahamstown area, and subject to the provisions of clauses 1 and 7 hereof, sell eggs to any other person in those areas at prices in excess of the prices specified in column 2 of the table hereto.

5. No person shall, in the following controlled areas, viz. the Witwatersrand area, Pretoria area and the Cape Peninsula area and subject to the provisions of clauses 2 and 7 hereof, sell eggs to any other person in those areas at prices in excess of the prices specified in column 4 of the table hereto.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. 941.] [19 Junie 1959.

PRYSE VAN EIERS.

Ingevolge subartikel (1) van artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Eierbeheerraad, genoem in artikel 3 van die Eierbeheerskema, gepubliseer by Proklamasie No. 8 van 1953, soos gewysig, kragtens artikel 19 van daardie skema en met my goedkeuring, die verbodsbepalings in die Bylae hiervan vervat in verband met die verkoop van eiers in beheerde gebiede, met ingang van 22 Junie 1959 opgelê het.

Goewermentskennisgewing No. 559 van 17 April 1959, soos gewysig, word hierby herroep met ingang van 22 Junie 1959.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

BYLAE.

PRYSE IN BEHEERDE GEBIEDE.

1. Niemand wat met eiers as 'n besigheid handel mag in die volgende beheerde gebiede, naamlik die Durbangebied, Pietermaritzburggebied, Port Elizabethgebied, Oos-Londengebied en Grahamstadgebied, aan 'n persoon wat met eiers as 'n besigheid in daardie gebiede handel, eiers verkoop teen hoër pryse as die pryse aangedui in kolom 1 van die tabel hieronder nie.

2. Niemand wat met eiers as 'n besigheid handel mag in die volgende beheerde gebiede, naamlik die Witwatersrandgebied, Pretoriagebied en die Kaapse Skiereilandgebied, aan 'n ander persoon wat met eiers as 'n besigheid in daardie gebiede handel, eiers verkoop teen hoër pryse as die pryse aangedui in kolom 3 van die tabel hieronder nie.

3. Niemand wat met eiers as 'n besigheid handel mag in ander beheerde gebiede as dié genoem in klousules 1 en 2 hierbo, aan 'n ander persoon wat met eiers as 'n besigheid in sodanige gebiede handel, eiers verkoop teen hoër pryse as die pryse aangedui in kolom 5 van die tabel hieronder nie.

4. Niemand mag in die volgende beheerde gebiede, naamlik die Durbangebied, Pietermaritzburggebied, Port Elizabethgebied, Oos-Londengebied en die Grahamstadgebied en behoudens die bepalings van klousules 1 en 7 hiervan, eiers aan enigiemand anders in daardie gebiede verkoop teen hoër pryse as die pryse aangedui in kolom 2 van die tabel hieronder nie.

5. Niemand mag in die volgende beheerde gebiede, naamlik die Witwatersrandgebied, Pretoriagebied en die Kaapse Skiereilandgebied en behoudens die bepalings van klousules 2 en 7 hiervan, eiers aan enigiemand anders in daardie gebiede verkoop teen hoër pryse as die pryse aangedui in kolom 4 van die tabel hieronder nie.

6. No person shall, in the controlled areas other than those mentioned in clauses 4 and 5 above and subject to the provisions of clauses 3 and 7 hereof, sell eggs to any other person in those areas at prices in excess of the prices specified in column 6 of the table hereto.

7. In the case of eggs sold by a person dealing with eggs in the course of trade to a person who does not deal with eggs in the course of trade and delivered by him at a place other than his business premises, the prices in columns 2, 4 and 6 of the table hereto, may be increased by one penny per dozen.

8. For the purpose of the foregoing prohibitions any expression to which a meaning has been assigned in the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, or in the Egg Control Scheme, published by Proclamation No. 8 of 1953, as amended, bears, when used in the foregoing prohibitions, the same meaning.

6. Niemand mag in ander beheerde gebiede as dié genoem in klousules 4 en 5 hierbo en behoudens die bepalings van klousules 3 en 7 hiervan, eiers aan enigiemand anders in sodanige gebiede verkoop teen hoër pryse as die pryse aangedui in kolom 6 van die tabel hieronder nie.

7. In die geval van eiers wat deur 'n persoon wat met eiers as 'n besigheid handel verkoop word aan 'n persoon wat nie met eiers as 'n besigheid handel nie en deur hom afgelewer word op 'n ander plek as sy besigheidsperseel, kan die pryse in kolomme 2, 4 en 6 van die tabel hieronder verhoog word met een pennie per dosyn.

8. Vir die toepassing van voorgaande verbodsbepalings het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, of in die Eierbeheerskema, gepubliseer by Proklamasie No. 8 van 1953, soos gewysig, dieselfde betekenis wanneer dit in voorgaande verbodsbepalings gebesig word.

TABLE.

MAXIMUM PRICES PER DOZEN.

Description of Eggs.	Column 1. Wholesale.	Column 2. Retail.	Column 3. Wholesale.	Column 4. Retail.	Column 5. Wholesale.	Column 6. Retail.
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
Grade I—						
Extra large	3 6	3 10	3 4	3 8	3 2	3 6
Large	3 3	3 7	3 2	3 6	3 0	3 3½
Medium	2 10	3 1½	2 10	3 1½	2 8	2 11½
Small	2 6	2 9½	2 5	2 8½	2 4	2 7½
Pullet size	1 11	2 2½	1 9	2 0½	1 8	1 11½
Grade II—						
Extra large	3 1	3 5	2 11	3 2½	2 9	3 0½
Large	2 10	3 1½	2 8	2 11½	2 6	2 9½
Medium	2 6	2 9½	2 5	2 8½	2 3	2 6½
Small	2 2	2 5½	2 1	2 4½	2 0	2 3½
Pullet size	1 9	2 0½	1 7	1 10½	1 6	1 9½
Grade III—						
Mixed	2 5	2 5	2 4	2 4	2 2	2 2

TABEL.

MAKSIMUM PRYSE PER DOSYN.

Beskrywing van eiers.	Kolom 1. Groothandel.	Kolom 2. Kleinhandel.	Kolom 3. Groothandel.	Kolom 4. Kleinhandel.	Kolom 5. Groothandel.	Kolom 6. Kleinhandel.
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
Graad I—						
Ekstra groot	3 6	3 10	3 4	3 8	3 2	3 6
Groot	3 3	3 7	3 2	3 6	3 0	3 3½
Middelslag	2 10	3 1½	2 10	3 1½	2 8	2 11½
Klein	2 6	2 9½	2 5	2 8½	2 4	2 7½
Jonghengrootte	1 11	2 2½	1 9	2 0½	1 8	1 11½
Graad II—						
Ekstra groot	3 1	3 5	2 11	3 2½	2 9	3 0½
Groot	2 10	3 1½	2 8	2 11½	2 6	2 9½
Middelslag	2 6	2 9½	2 5	2 8½	2 3	2 6½
Klein	2 2	2 5½	2 1	2 4½	2 0	2 3½
Jonghengrootte	1 9	2 0½	1 7	1 10½	1 6	1 9½
Graad III—						
Gemeng	2 5	2 5	2 4	2 4	2 2	2 2

Buy Union Loan Certificates

Koop Unie-leningsertifikate

The Government Printer, Pretoria. | Die Staatsdrukker, Pretoria.

1—6240